# Mamre-biblioteek vier hul 20ste bestaansjaar in styl

**JOLINE VAN DER MERWE**
joline.vdmerwe@media24.com

Vir die klein Morawiese sendingsdorpie met sy "gruispaaie sonder ligte", was 23 Oktober 1996 'n besonderse dag.

Dit was 'n dag waarvoor lank gebid is en na jare se gewag, het die biblioteek uiteindelik op hierdie dag vir die eerste keer sy deure oopgemaak.

Die rol van die Mamre-biblioteek in die gemeenskap oor die 20 jaar is tydens die feesvieringe Vrydag, by monde van oud-werknemers, gemeenskapslede en politici, in herinnering geroep.

Die biblioteek bedien nie net die gemeenskap van Mamre nie, maar ook Pella en omliggende plaasgemeenskappe.

Dit is 'n baken van hoop in die gemeenskap, waar nuwe vaardighede aangeleer word, waar ongeletterdes vir die eerste keer kan sin maak van die letters wat eens soos hiërogliewe voor hulle gelê het.

Senior biblioteekpersoneel het vertel van die vriendelike mense wat hulle soos familielede verwelkom het in die gemeenskap. Die biblioteek se personeellede spog ook met 20 jaar diens aan die gemeenskap.

**'N BIBLIOTEEK BEHOORT AAN DIE GEMEENSKAP.**

Rdl. Cynthia Clayton, wyksraadslid vir wyk 29, sê sy is bevoorreg dat al drie biblioteke in Atlantis in haar wyk is.

"Die Mamre-biblioteek is klein, maar die boeke wat hier lê is insiggewend. Ons volk gaan verlore weens 'n gebrek aan lees," het sy genoem. Sy het ook belowe dat raadslede sal help om selfs 'n beter diens aan die gemeenskap te lewer.

Charmaine Pietersen, een van die eerste senior bibliotekaresses, het tydens die feesvieringe gesê: "'n Biblioteek behoort aan die gemeenskap."

Van die vaardighede wat gemeenskapslede oor die jare by die biblioteek kon aanleer is volwasse onderrig, blommerangskikking, en naaldwerk.

Una Pick, voormalige raadslid en onderwyser, het vertel hoe inwoners se trane geloop het die dag van die inhuldiging. "Mamre-inwoners het gedroom van 'n biblioteek en vandag kan ons die vrugte hiervan pluk."

Phillipina Appollis, destydse hoof uitvoerende beampte vir die Blaauwberg-munisipaliteit, het gesê die bou van die biblioteek was 'n goeie belegging en het ouers gemaan om hul kinders aan te moedig om te lees.



**Mamre biblioteek wenspan is Elizabether Mitchell, Rose Coert, Jerome Fischer, Nizam Bray (senior biblioteekares) en Pauline Adams.** Foto: Murphy Roberts

**OPENBARE DEELNAME PROSES KENNISGEWING**
**Omgewings Impak Bepaling (OIB) Proses vir die Voorgestelde Parkeerterrein Uitbreiding by Koeberg Kern Krag Sentrale, Plaas Duynefontyn 1552, Weskaap**
**Advisian Projek Verw. No.: C00278**
**NDO Verw. No.: In proses van uitreiking**

Kennis word hiermee gegee van die Openbare Deelname Proses in terme van die Nasionale Omgewingsbestuur Wet (1998), soos gewysig, asook in terme van die Omgewings Impak Bepaling (OIB) Regulasies van 2014, soos gewysig.

**PROJEK BESKRYWING:**
Eskom beoog om die bestaande parkeerterein by die Koeberg Kern Krag Sentrale ui te brei. Die voorgestelde uitbreiding sal n bykomende 200 permanente (geplaveide) en 200 tydelikke (gruis) parkeer spasies verskaf. Tesame sal dit ongeveer n opervlak van 11 000m2 beslaan.

**PROJEK MAGTIGINGS PROSES:**
Volgens die 2014 Omgewings Impak Bepaling (OIB) Regulasies vereis sekere gelyste aktiwiteite, wat moontlik skadelik vir die omgewing kan wees, magtiging vanaf die Bevoedge Owerhede (BO) om te mag geskiet. As sulks noodsaak die voorgestelde projek n Basiese Omgewings Impak Bepaling (BOIB) Proses, om magtiging vanaf die Nationale Departement van Omgewingsake (NDO) te kan ontvang. Die BOIB Proses sluit ook n Publieke Deelname Proses in.

**KONSEP VERLSAG BESKIKBAAR VIR RESENSIE:**
Die konsep Basiese Omgewings Impak Belaping (BOIB) verslag sal vir n 30 dae periode vanaf 27 October tot 28 November 2016 beskikbaar gestel word vir rensieëring.
Harde afskrifte van die konsep verslag sal by die volgende plekke beskikbaar wees:

- Koeberg Publieke Biblioteek (Adres: Merchant Walk, Duynefontein, Melkbosstrand. Tel: +27 21 553 2514);
- Wesfleur Publieke Biblioteek (Adres: Wesfleur Sirkel, Dassenberg, Atlantis. Tel: +27 21 572 7618);
- Thusong Gemeenskap Sentrum (Adres: 1 Nottingham Straat, Sherwood Park, Atlantis. Tel: +27 21 572 0289);
- Avondale Publieke Biblioteek (Adres: Civic Centre, Grosvenor Rylaan, Atlantis. Tel: +27 21 572 3529); en
- Koeberg Besoeker Sentrum (Adres: Koeberg Kern Krag Sentrale, Tel: +27 21 550 4667).

'n Elektroniese afskrif van die konsep verslag sal ook beskikbaar wees om vanaf die Advisian Webwerf af te laai:

- http://www.advisian.com/advisian-environment-society

**GELEENTHIED OM DEEL TE NEEM:**
Indien u belangstel in die voorgestelde projek, word u genooi om as n Belanghebende Party (BP) te registreer op die projek databasis. Om te registreer stuur, in skrif, u volledige kontak besonderhede, u belangstelling (direkte besigheid, finansieël, persoonlik, en so meer) of navrae aangaande die projek, asook op die konsep BOIB verslag, na die onderstaande Advisian Omgewing Assessering Praktisyn (OAP) **voor Maandag die 28ste November 2016**.

| | |
|---|---|
| Advisian OAP: | Ryan Jonas |
| E-Mail Adres: | Ryan.Jonas@advisian.com |
| Pos Adres: | PO Box 398, Bellville, 7535 |
| Tel No.: | +27 10 593 3942 |

Advisian
WorleyParsons Group
WorleyParsons RSA (Edms) Bpk handel as Advisian
REG NO: 1989/002048/07

000000-WU251016

